

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

NUWE REEKS

Nr. 42

**DIE STUDIE VAN DIE LETTERKUNDE
IN DIE BANTOETALE**

deur

P. S. GROENEWALD

**Rede uitgespreek by die aanvaarding van
die Professoraat in die Departement Bantoetale,
gelewer op 26 September 1967**



**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,
PRETORIA
1968**

Hierdie publikasie en die publikasies wat agter in hierdie publikasie
vermeld word, is verkrygbaar by:

Van Schaik's Boekhandel (Edms.), Bpk.
Burnettstraat 1096,
Hatfield,
Pretoria.

Prys 60c

REDAKSIEKOMITEE

Prof. dr. B. F. Nel (*Voorsitter, Navorsings- en
Publikasieskomitee*)

Lede: Prof. dr. B. J. Engelbrecht.

Prof. P. C. Snijman

*Die publikasie van hierdie reeks word moontlik
gemaak deur fondse wat deur die Universiteit
van Pretoria aan die Navorsings- en Publika-
sieskomitee beskikbaar gestel word.*

OUTEURSREG
VOORBEHOU

DIE STUDIE VAN DIE LETTERKUNDE IN DIE BANTOETALE

Meneer die Rektor,
meneer die Dekaan van die Fakulteit
Lettere en Wysbegeerte,
dames en here,

Die ondersoek en beskrywing van die Bantoetale is reeds 'n geruime tyd aan die gang. Van die vroegste studies dateer so ver terug as die sewentiende eeu (4, p. 8). Die eerste blyke van belangstelling in hierdie tale kan egter nog verder teruggevoer word. Van die vroeë reisigers het nl. in hulle omswerwinge met die Bantoe in aanraking gekom en uit dié tale woorde en sinne in die ou reisverhale opgeteken (4, pp. 1-7).

Die aanvang van dié taalstudie is deur 'n sterk latinistiese benadering gekenmerk. Dit is later gedurende die negentiende eeu vervang deur ondersoeke wat op die moderne Europese grammatiese patroon gebaseer is. Dit was eers na die eerste twee dekades van die twintigste eeu dat dié toedrag van sake verander het en DOKE (5, p. 27) dit kon beskryf as 'n „real move . . . for the 100 per cent treatment of Bantu languages according to the genius of Bantu grammar”. Hierdie ontwikkeling het ook met die suiwering in die metodologie van taalstudie gepaard gegaan sodat Bantoetaalkundiges vandag as taalwetenskaplikes in die algemeen 'n hoë aansien geniet. Dit was trouens geen verrassing nie dat 'n Bantoetaalkundige in die persoon van my hooggeagte voorganger, prof. E. B. VAN WYK, verlede jaar met die oog op die instelling van 'n leerstoel in Algemene Taalwetenskap aan een van ons Suid-Afrikaanse universiteite, genader is om hom die aanstelling as hoogleraar te laat welgeval. Dit was nie net vir hom 'n persoonlike eer gewees om langs dié weg as een van die vernaamste taalwetenskaplikes in Suid-Afrika erken te word nie, maar ook vir die departement Bantoetale aan die Universiteit van Pretoria wat hierdie eer jaloers met die Bantoetaalstudie in die algemeen deel.

Waar met die taalstudie fluks gevorder word en 'n inventaris van die werksaamhede op linguïstiese terrein reeds 'n betreklik lywige omvang begin aanneem, het die studie van die verskillende Bantoeletterkundes in Suid-Afrika egter agterweë gebly. En dis jammer, maar die redes

hiervoor is voor die hand liggend. Die Bantoe was ongeletterd en die navorsing moes vanselfsprekend deur blankes verrig word. Die blankes se belangstelling het primêr na die taalstudie uitgegaan en boonop was die letterkunde in dié tale vir hulle op daardie vroeë tydperk nie slegs onbekend vanweë die ongeskrewe aard daarvan nie, maar ook aan hulle wesensvreemd.

Sprokies en dierverhale is wel as literêre werke uitgeken — blykbaar omdat iets dergeliks ook reeds in die Europese letterkundes bekend was en is. Die grootste gedeelte van die literatuurskat was egter so eng met die alledaagse bedrywighede verweef dat dit eers later as letterkunde gereken en ondersoek is. Die werke was sonder literêre pretensie en gevolglik in dieselfde lig as gebruiksartikels gestel. Die oes het juis daarom nooit sonder die oeslied verloop nie en die dans sonder die danslied nie. Die drama was bv. ook 'n snit uit die alledaagse lewe (6). Dit was naamlik 'n ritueel wat uitgevoer moes word en het nou by die lotgevallen van die mense — nie die fiksiekarakters nie — aangesluit. So was dit ook gesteld met die fees van die eerste vrugte, die begrafnis van 'n gestorwe kaptein of die uitvoering van die verskeie soorte liedere. Die blanke navorsers het boonop die drama of toneelstuk met 'n skeiding tussen die verhoog en die toeskouerruim vereenselwig. Die toneelspeler en die toeskouer is vir hom verskillende persone. Volgens DHLOMO (6) het die skeiding tussen die verhoog en die toeskouerruim in die tradisionele Bantodrama nie bestaan nie en was elke toeskouer ook toneelspeler wat aan die uitvoering van die toneelstuk meegedoen het. Dit was vir die latere blanke daarom so vreemd dat aanvanklik aangevoer is dat daar geen dramas of toneelstukke in die tradisionele letterkunde voorgekom het nie. Dit sou interessant wees om juis in hierdie verband 'n vergelykende studie tussen die Bantodrama en die ontwikkeling van die Griekse drama te maak.

Intussen het die Bantoe deur onderrig en onderwys leer lees en skryf en sodoende van niets af 'n eie geskrewe letterkunde begin opbou. Terselfdertyd is heelwat van die tradisionele werke opgeteken en het ook die Bantoe in die literatuurstudie begin belangstel. Omdat navorsing in dié verband nog in die kinderskoene staan,

is daar dus heelwat vraagstukke van 'n besondere aard wat uitgestryk moet word. Die riglyne waarvolgens sodanige ondersoeke gevoer kan word, kan egter nie gespan word alvorens die struikelblokke wat die literatuurstudie in die algemeen kortwiek, uit die weg geruim is nie. Eers daarna kan die apparatuur vir die beskrywing van die Noord-Sotho- en Zoeloeletterkundes opgestel word, in soverre dit navorsing is wat t.o.v. hierdie twee Bantoe-tale aan hierdie Universiteit onderneem moet en sal word.

Die letterkunde is egter nie die eksklusiewe studiegeld van die literatuurwetenskap nie. Dit is volgens INGARDEN (10, p. 4) 'n „Teilgebiet" en gevolglik kan die aanspraak van o.a. die kultuurstudie en die esteties daarop as navorsingsgebied nie ontken word nie. Vir die kultuurstudie bv. is die letterkunde 'n onderdeel van die kultuurbesit van 'n groep mense en word dit as sodanig ondersoek as onderdeel in sy breëre kultuurverband terwyl die esteties die literêre werk as 'n kunswerk beskryf en oor dieselfde boeg gooi as die musiekstuk en die skildery.

Verder bied die Bantoeletterkunde, en in besonder die tradisionele woordkuns wat so sterk op die aktualiteit of werklikheid buite die literêre werk gerig is, aan die Volkekunde en die Geskiedenis waardevolle studiemateriaal. In die sg. politieke prysliedere word die geskiedenis van 'n bepaalde stam of kaptein weergegee. In hierdie werke wat mondelings van geslag tot geslag oorgelewer is, word die roemryke verlede van 'n stam besing of word hulde aan 'n bepaalde opperhoof betuig. Sommige werke dateer egter so ver terug dat dit weëns die talle argaïese taalwendinge of duistere verwysings na plekke nou totaal onbekend, plek-plek onverstaanbaar is. Dit word nietemin geraadpleeg en feite van belang kom sodoende aan die lig. Die letterkunde kan dus as 'n belangrike bron van inligting vir ander susterwetenskappe beskou word.

Die literator moet derhalwe in sy eie belang die grense van sy studiegebied duideliker afbaken. Hy moet die doel van sy ondersoek nader omskryf en besluit wat wesenlik die objek van sy studie bepaal. Vir hom bestaan die letterkunde dus slegs as 'n versameling literêre werke.

In die praktyk word tussen 'n algemene en 'n besondere letterkunde onderskei. E.g.

sluit in beginsel alle literêre werke in en word in besondere letterkundes onderverdeel. Hierdie indeling is nie literêr gemotiveer nie. Dit is in 'n sekere sin willekeurig van aard en die grenslyne tussen die besondere letterkundes berus meesal op 'n nasionale grondslag. So word daar bv. tussen 'n Engelse, Amerikaanse, Australiese, en Nieu-Seelandse letterkunde onderskei. Dieselfde geld ook vir die onderskeid tussen 'n Nederlandse en 'n Vlaamse letterkunde. Taalkundige oorwegings, daarenteen, soos in die geval van die Duitse letterkunde, word baie selde in aanmerking geneem. Hier word die werke van die Switsers C. F. Meyer, G. Keller, Max Frisch en Friedrich Dürrenmatt, en die Oostenrykers Hofmannsthal, Rilke en Celan bv. by die Duitse literatuurkat ingesluit (15, p. 58). In die geval van die Franse letterkunde is die saak heelwat ingewikkelder. Waar die Switsers Vinet, Scherer, Rod en Cherbuliez, en die Belge Michaux, Maeterlinck, Michel de Ghelderode, Simenon, en Verhaeren bv. by die Franse letterkunde gereken word, word die Switser Toepffer en die Belg Camille Lemonier egter nie daarby gereken nie (15, p. 58).

Die besondere letterkundes kan op hulle beurt in groter eenhede saamgegroepeer word. In dié geval kan behalwe taalkundige en nasionale grondslae ook historiese en geografiese oorwegings in aanmerking geneem word. So word daar bv. van 'n Bantoe-, 'n Dietse, 'n Skandinawiese, 'n Oos-Europese of 'n Oosterse letterkunde gepraat. Hierdie verdeling en onderverdeling van die letterkunde is vir die literatuurstudie gerieflik, hoofsaaklik omdat dit die studiekrag eweredig oor die hele navorsingsgebied versprei sodat die besondere letterkundes almal tegelyk by die literêre ondersoek betrek is.

Die basis waarop die onderskeid tussen die besondere letterkundes berus, vorm een van die argumente waardeur aangetoon kan word dat die versleer en die literatuurwetenskap as twee outonome wetenskappe erken behoort te word en dat e.g. dus nie 'n onderdeel of dissipline van lg. is nie. Hierdie beskouing mag vreemd klink omdat die versleer tot dusver in die universiteite en skole as 'n mengsel van versteorie, literatuurteorie en esteties aanvaar is. Die versleer stel immers slegs in die formele hoedanighede van die vers

belang en weerhou hom van uitsprake oor die estetiese en literêre verdienstes daarvan. Die beswaar wat soms bv. teen die sg. metriese dreun in die vers geopper word, nl. dat dit hinderlik is en derhalwe 'n tekortkoming in die betrokke geval verraaï, mag nie as 'n uitspraak dien wat versteoreties verdedigbaar is nie. Sodanige werke is trouens metries volkome geslaagd. Die oorsaak van hierdie sg. dreun lê juis daarin dat dié besondere werk formeel baie streng gedefinieer is. Dit kom kortliks daarop neer dat die vers nie 'n literêre werk hoef te wees nie. Advertensierympies en -spreuke asook spreekwoorde in versvorm is streng gesproke geen literêre werke nie maar word tog deur die versleer by sy ondersoek betrek.

Hierdie standpunt word eksplisiet deur STUTTERHEIM (14) gestel. Hy tref 'n duidelike onderskeid tussen die poëtiese en die versmatige wat hy respektiewelik „poetic” en „with a formal principle” noem. Hy verklaar o.a.:

„... we add that poetry need not consist of verse” (pp. 225-226), en vervolg: „The antithesis ‚poetic — non-poetic’ and the antithesis ‚with a formal principle — without that formal principle’ are not one another’s counterparts” (p. 226).

Omdat versvorm deur die skematisering van fonologiese hoedanighede bepaal word, is die gebied van die besondere versleer linguisties afgebaken. Werke wat dus in Engels geskryf is, hoort verstegnies bymekaar, afgesien daarvan of dit tot die Amerikaanse, Australiese, Nieu-Seelandse, Kanadese of Suid-Afrikaanse letterkundes gereken word.

Hoewel die vers bloot toevallig 'n literêre werk kan wees, word die beoefening van die versleer nie by die studie van die letterkunde uitgesluit nie. Sekere metriese gegewens is nl. vir die literêre ondersoek ter sake waar dit om die interpretasie van werke in versvorm gaan. D.m.v. rym kan bv. aan die betekenis van sekere woorde literêr tegnies voorrang verleen word, of 'n besondere stilistiese effek dring na vore a.g.v. 'n bepaalde metriese noodsaak waaraan die woorde sintakties ondergeskik gestel is. Die literatuurstudie vereis dus soms 'n voorkennis wat slegs die versleer hom kan bied.

Vir die versteorie is die vers 'n geheel wat uit ten minste een versreël en een

sin moet bestaan. Dit word deur die herhaling van fonologiese hoedanighede gekenmerk wat in bepaalde patrone gerangskik is. Sinsfonologiese hoedanighede kom uit die aard van die saak nie hiervoor in aanmerking nie en die patroon wat deur herhaling tot stand kom, word versreëlsegmente of membra genoem. Om versvorm te kan bepaal, moet die grens van die laaste versreëlsegment met 'n linguistiese grens saamval wat as die *koördinasiepunt* bekend staan. Waar die herhaling van woordfoneme ter sprake is, is die *koördinasiepunt* 'n woordgrens en in die geval van woordgroepponologiese hoedanighede, 'n woordgroepprens. Die *koördinasiepunt* val terselfdertyd met die grens van 'n hiërgies groter linguistiese eenheid saam. Dit verhoed o.a. dat die fatiese laag van die sin waaruit die versgeheel saamgestel is, 'n enkele woord is. Dit bring ook mee dat die hiërgie tussen die woord en die woordgroep ener syds en die woordgroep en die groter woordgroep of sin andersyds bewaar bly en op die metriese eenhede oorgedra word. Deur hierdie *rangordening* word vasgelê dat die versreëlsegment kleiner as die versreël is en dat meer as een daarvan die versreël konstitueer. Terselfdertyd bepaal hierdie twee metriese eenhede mekaar oor en weer: die versreël kan alleen bestaan as dit uit membra opgebou is terwyl die membra slegs binne die versreël erkenning geniet. Omdat albei egter vir versvorm noodsaaklik is, word hulle *elementêre* eenhede genoem. Die strofe en gedig (lg. is vir ons doeleindes 'n meerstrofige geheel) is daarenteen *sekondêre* verstegniese eenhede omdat hulle t.o.v. die metriese hoedanighede van die vers toevallig van aard is. Dog waar hulle soos die versreël, die versgeheel kan konstitueer, word daar van *selfstandige* eenhede gepraat. Die membrum is *onselfstandig* omdat dit altyd in die versreël opgeneem moet wees.

Versvorm kry dus in die versreël sy beslag en word deur die beginsels van herhaling, koördinasie en rangordening bepaal (8, pp. 8-10).

In die geval van die Bantoetale is daar reeds oor die struktuur of dan oor sekere aspekte van die struktuur van die betrokke verssisteme geskryf (8, pp. 15-16), dog meesal is van Europese modelle uitgegaan. Gevolglik klop die onderskeie opvattinge nie oral versteoreties nie. Die algemene

beskouing kom bv. daarop neer dat versvorm deur die skematisering van dinamiese of intensiteitsfoneme bepaal word. LESTRADE (11, p. 120), BREED (1, p. 39) en COMBRINCK (3, p. 446) praat nl. van 'n dinamiese ritme wat van dié van die Europese vers verskil. Die feit dat die Bantoetale in Suid-Afrika geen sodanige foneme onderskei nie, maak hierdie beskouing vir die versleer onaanvaarbaar.

Waar bg. ondersoekers in 'n sekere mate tog getrag het om hulle bevindings vers-teoreties te regverdig, het VILAKAZI van die staanspoor af daarvan afgesien en van die voordrag uitgegaan. Hy het beweer dat die versreël 'n „breath group of words” is wat uit twee „poetic bars” opgebou is (17, p. 112). Hierdie „breath group of words” is volgens hom, die eenheid van die Zoeloevors en word deur die voordrag bepaal.

Dit is noodsaaklik dat die Bantoevers-teoretikus hom die moeite getroos om eers oor die vers in die algemeen te besin. Daardeur kan hy die risiko vermy wat hy loop om die objek van sy beskouing na 'n Europese model te beskryf soos LESTRADE en andere gedoen het.

Een van die eerste dinge wat die versleer beklemtoon, is die verband tussen die verskuns en die fonologie. Dit is daarom moontlik om slegs uit 'n studie van die foneemsisteem van 'n besondere taal in 'n groot mate reeds die aard van die betrokke verssisteem af te lei. Daar die Bantoetale bv. betreklik arm aan vokaalfoneme is, is dit te begrype dat hierdie foneme vir skematiseringsdoeleindes in dié tale nie so geslaagd soos in o.a. Afrikaans of Engels aangewend kan word nie. Rym is gevolglik 'n vreemde verstegniek wat slegs in die jonger verskuns voorkom waar dit onteuseglik die bewys is van die invloed van die Europese literatuurskat op die Bantoeverskuns. Boonop is dit as verstegniek in die moderne Bantoeletterkunde meesal ondoeltreffend gebruik. Die redes hiervoor is nl. dat eerstens die sillabiese omvang van die rymelement te beperk is; tweedens die klem hoofsaaklik op die skematisering van vokaalfoneme val en die konsonantfoneme derhalwe oor die hoof gesien word; derdens die rymelement baie keer uit 'n morfeem of morfeme bestaan; en vierdens gedronge rym dikwels voorkom.

Rym in die Bantoetale kan dus in teenstelling met dié in Afrikaans en Engels

as konsonantrym beskou word. Terselfdertyd stel dit in dié tale veel meer eise aan die verskunstenaar as in die geval van genoemde tale omdat die laaste sillabe(s) van woorde gewoonlik uit 'n morfeem of morfeme bestaan en die digter dus gevaar loop om die verstegnieke eenhede grammaties te laat rym. Dit sal daarom in die Bantoetale waarskynlik nie dieselfde inslag vind as wat dit in die Europese tale gevind het nie.

Tog kan die struktuur van die verssisteem van 'n besondere taal nie volledig van die foneemsisteem van dié taal afgelees word nie. Die verskunstenaar bly nl. altyd 'n keuse uitoefen watter fonologiese hoedanighede hy vir die strukturering van die vers wil gebruik. Blykbaar beïnvloed geen versteoretiese oorweginge hierdie keuse nie. In Noord-Sotho bv. kom toonfoneme nie eintlik vir skematiseringsdoeleindes in aanmerking soos miskien verwag sou word nie. Dit moet klaarblyklik daaraan toegeskryf word dat daar in Noord-Sotho oorwegend woordgroepverse voorkom en die versreël in membra verdeel is wat deur 'n sesuur van mekaar geskei word.

Oor die afgelope drie dekades het die versleer oor sekere prinsipiële vraagstukke heelwat helderheid verkry. Daar heers 'n beter begrip van die vraagstukke waarmee die versteorie worstel as ooit tevore. Hierdie sg. deurbraak in die studie van die verskuns is 'n direkte uitvloeisel van die werksaamhede van die Russiese Formaliste. Die belangrikste versteoretikus onder hulle, JAKOBSON, het ook as fonoloog 'n groot naam verwerf. Dit is, terloops, merkwaardig dat van die knapste versteoretici, soos o.a. DE GROOT en LOTZ, ook op die gebied van die fonologie bekend was. Dit is daarom nie vreemd dat die groei en ontwikkeling van die versleer hand aan hand met dié van die fonologie gaan nie.

Die literatuurstudie daarenteen, het nie dieselfde lewenskragtigheid geopenbaar nie. Hoewel die werke van die Russiese Formaliste die stempel van voortreflikheid dra, is dit op literêre teoretiese terrein nie so deeglik nie en verraai selfs metodologiese tekortkominge (7, p. 207).

Die vroegste literatuurstudie aan ons bekend, dateer so ver terug as vier eue voor Christus en is van Sjinese en Griekse oorsprong. Dit het uit die uitleg van

tekste, die verklaring van moeilike terme en die interpretasie van allegorieë en simbole bestaan (13, p. 1745). Dit is later deur die skryf van biografieë en die opstel van historiese oorsigte van die verskillende letterkundes opgevolg (13, pp. 1748-1762). Teen die laaste gedeelte van die vorige eeu het die vergelykende literatuurwetenskap groot opgang gemaak en veral in Frankryk veld gewen (15, pp. 33-56). Dit was uitsluitlik werke uit verskillende letterkundes wat vir vergelykingsdoeleindes in aanmerking gekom het. Die vergelyking van literêre werke wat tot dieselfde letterkunde behoort het, het nie plaasgevind nie (15, p. 57). Daardeur het die literêre ondersoek heelwat aan doelgerigtheid ingeboet.

Die belangrikste literêr-wetenskaplike bedrywighede was miskien in die kritiek beliggaam wat feitlik so oud soos die skryfkuns self is (13, p. 1744). Die kritiek is egter geen deskriptiewe wetenskap nie, maar beoordeel literêre werke volgens bepaalde norme en kan tereg die toegepaste literatuurwetenskap genoem word. Hierdie norme het egter van tyd tot tyd verander en was blykbaar meesal op persoonlike menings gebaseer wat in manifeste en verklarings van enkelinge of groepe persone gepropageer is (2). Dit het tot verskillende „literêre” strominge aanleiding gegee wat soms direk teenoor mekaar gestaan het. Dié toedrag van sake kan gewyt word aan die gebrek aan streng intellektuele dissipline. Hoewel hierdie beswaar die literatuurstudie in sy geheel ten las gelê kan word, tref dit die kritiek die swaarste.

Die literatuurwetenskap is egter verskeie kere metodologies aangesuiwer (13, pp. 1766-1772). In ons eie tyd het die belangrikste bydrae van HUSSERL gekom wie se *Logische Untersuchungen*¹ vroeër hierdie eeu verskyn het (7, pp. 42-44). Sy opvattinge het o.a. in Rusland aanklank gevind. In Moskou is dit veral deur GUSTAV SHPET verder uitgedra waar dit die reaksie teen die linguïstiese skool van FORTUNATOV gestimuleer het.

HUSSERL noem taal „die sentrale sisteem van tekens, die natuurlike prototipe van elke betekenisvolle uitdrukking” (7, p. 43). Hy probeer deurdring tot die logiese funksie van die basiese grammatiese kategorieë wat eie aan alle tale is. Daardeur het hy verder gerek as wat die

empiriese gegewens van die vergelykende taalkunde toelaat en kon hy van ’n „suiwer” universele grammatika van „taal as sodanig” praat. Verder het hy ook aangevoer dat alle vorme van uitdrukking waarby taalgebruik gemoed is, nie as bykomstige produkte of sensoriese simptome van psilogiese prosesse beskou moet word nie. Dit is volgens hom, werklikhede op hulle eie wat struktureel beskryf behoort te word.

In Moskou het ’n aktiewe groepie studente in HUSSERL se woorde die oplossing gesien vir die probleme waarmee hulle as jong wetenskaplikes gekonfronteer was. Uit hulle byeenkomste het die Moskouse Linguïstiese Kring gespruit (7, p. 43). Die stigterslede was BUSLAEV, die kleinseun van die beroemde literatuur-historikus en filoloog, BOGATYREV wat later as die outoriteit op die gebied van die Slawiese folklore bekend geraak het, JAKOBSON en VINOKUR, beide taalwetenskaplikes van naam (7, p. 45). Later het die Moskouse Linguïstiese Kring en die Petersburgse Vereniging vir die studie van Poëtiese Taalgebruik, bekend as OPOJAZ, saamgesmelt en het die skool, bekend as die Russiese Formalisme, tot stand gekom. Hierdie beweging het ’n sterk taalwetenskaplike inslag gehad en in sy geleedere was daar behalwe JAKOBSON en VINOKUR, nou ook linguïste van die skool van BAUDOIN DE COURTENAY, nl. JAKUBINSKIJ en POLIVANOV (7, p. 47).

Die Formalisme het in die kort tydsbestek van sy bestaan in Rusland, veral op die gebied van die versleer voortreflike werk gelewer. JAKOBSON se opspraakwekkende werk oor die Tsjeggiese vers¹ is vandag nog vir die versteorie van besondere betekenis. Tog moet die grootste verdienstes van hierdie groep eintlik daarin gesoek word dat hulle eerstens metodologies in ’n suiwerder, en daarom wetenskapliker, taal gespreek het en tweedens deur hulle bedrywighede die noue verbondenheid van die fonologie en die versleer enersyds en die taal- en literatuurwetenskap andersyds beklemtoon het. Dit is trouens uit hierdie groep, en veral uit die persoon van JAKOBSON, dat die inspirasie vir die stigting van die Praagse Linguïstiese Kring in 1926 uitgegaan het (7, p. 129).

1. 2 vols., Halle, 1913-21.

1. O cheshskom stikhe preimushchestvenno v sopostavlenni s russkim, Berlyn, 1923.

Die Praagse Linguistiese Kring waarvan die werksaamhede ook die studie van die letterkunde beïnvloed het, het by die taalondersoek struktureel te werk gegaan. Taal is volgens hulle nie 'n versameling van geïsoleerde feitsake nie maar 'n samehangende geheel, d.w.s. 'n sisteem waarbinne al die onderdele onderling op mekaar aangewese is (7, p. 133). Toe die Formalisme dus gedurende die laat twintigerjare vanuit Rusland na Tsjeggo-Slowakye uitgewyk het, is dit daar deur die Strukturalisme vervang. Die strukturele metode as wetenskaplike werkswyse, is deur linguïste soos bv. JAKOBSON en DE GROOT, op die versleer oorgepraag waarna dit ook op die literatuurstudie oorgeplant is.

Die onderskeid tussen die versmatige en die poëtiese het mettertyd duideliker uitgekristalliseer. Vir die beoefening van die versleer is 'n voorafkennis van die fonologie veronderstel terwyl MUKAROVSKY en JAKOBSON die literatuurstudie daarenteen, met die sg. „semiotiek” of „semasiologie” in verband gebring het wat destyds nie as 'n dissipline van die taalwetenskap beskou is nie (7, p. 132). Waarskynlik moet die agterstand wat die literêre ondersoek op die versleer het daaraan gewy word dat die linguïste sedertdien oor probleme van 'n semantiese aard nog nie finaal uitsluitel kon kry nie.

Die invloed van die Formalisme het ook na Pole versprei. Die Tweede Wêreldoorlog het egter 'n skynbare einde aan die werksaamhede van hierdie beweging gebring wat as die Russiese Formalisme begin het. Dog in 1960 word die belangrike Warskoue Kongres oor die literatuurstudie gehou waarheen geleerdes van oor die hele wêreld genooi is. Onder die aanwesiges is nie net van die toendertydse lede van die Tsjeggiese Strukturalisme en die Poolse Formalisme opgemerk nie, maar ook die destydse voorsitter van die Moskoue Linguistiese Kring, nl. ROMAN JAKOBSON.¹

Die literêre werk is 'n vorm van taalgebruik. Daarom skakel die taalwetenskap so nou by die werksaamhede van die literatuurteoretikus in. In die gesprek vind kommunikasie gewoonlik nie slegs deur die gebruik van taal plaas nie, maar dra ook die situasie of omstandigheid waarbinne die geselskap gevoer word tot die onderlinge begrip tussen spreker en luisteraar by. Om die woorde wat tot hom gerig word, te kan interpreteer, neem die luisteraar gewoonlik sekere ekstra-linguïstiese besonderhede in aanmerking wat onmiddellik op die gespreksituasie betrekking het en kommunikatief aanvullend tot die aanwending van taal is.²

In die geval van die literêre werk word bg. buite-linguïstiese besonderhede egter so ver as moontlik geëlimineer sodat alleen die allernoodsaaklikste komponente vir taalgebruik behoue bly, nl. die spreker, die luisteraar en die middel tot kommunikasie. Die waarborg van die onderlinge begrip tussen die spreker en die luisteraar berus op 'n linguïstiese grondslag. Daar word nie slegs méér besonderhede verskaf oor die saakverband waaroor berig word nie, maar ook die nie-saaklike funksiereekse van die taal (18, p. 6) bied informasie wat die kommunikasie bevorder.

Die literêre werk is 'n mededeling of vertelling en is gevolglik 'n vorm van taalgebruik waarin 'n *saakverband* of *saakverloop* beskryf word. Volgens TOMACHEVSKI word die mededeling deur 'n hegte eenheid gekenmerk omdat 'n besondere *tema* daarin ontplooi en uitgebou word.¹ Die afloop van die verhaal word sodoende vroeg reeds in die vertelling in die vooruitsig gestel en 'n spanning word opgewek wat eers verdwyn as die verwagte wending in die verloop van sake intree, m.a.w. as die hoogtepunt of klimaks bereik is. Die gebied wat die literatuurstudie bestryk, word derhalwe in vier dissiplineterreine verdeel: die saakverloop en die taalgebruik van die besondere skrywer word om die beurt morfologies en tema-

1. Vgl. **Poetics**, 's-Gravenhage, 1961.

2. Die strekking van die gedagtegang oor taalgebruik en die taalgebruiksituasie is vroeër in gesprekke van prof. REICHLING en VAN WYK opgemerk en is in breë trekke hier weergegee. Aan hierdie Universiteit is ook vroeër hieraan aandag gegee in die lesings van prof. H. VAN DER MERWE SCHOLTZ oor die stilistiek op linguïstiese grondslag. Vgl. ook die boek van prof. SCHOLTZ en HELLINGA: **Kreatiewe Analise van Taalgebruik**.

1. Vgl. „L'oeuvre littéraire est dotée d'une unité quand elle est construite à partir d'un thème unique qui dévoile au cours de l'oeuvre, Par importants: le choix du thème et son élaboration” (16, p. 263). „Le thème présente une certaine unité. Il est constitué de petits éléments thématiques disposés dans un certain ordre” (16, p. 267).

ties beskryf en die onderskeie dissiplines word die *feiteleer*, die *taalelementeeler*, die *motieweleer* en die *stylleer* genoem.

Deur die feite- en taalelementeeler word 'n uiteensetting gegee hoedat die skrywer (resp. verteller) getrag het om met die oog op kommunikasie alle moontlike ekstra-linguistiese hoedanighede wat by die betrokke taalgebruiksituasie benodig word, te elimineer. Daardeur word 'n ruimte gerekonstrueer waarbinne die intrige of saakverband ingebed is.

Alle feitsake wat as sodanig aangebied word waardeur die skrywer sy betoog in perspektief probeer stel en wat slegs daárom kommunikatief noodsaaklik is en dus nie op die tematiese ontwikkeling van die saakverband betrekking het nie, is vir die feiteleer van die aller grootste belang. So bv. is die pen in die muur waarvan TSJEKOF (16, p. 282) aan die begin van een van sy novelles melding maak, in dié mededeling ter sake daar die held hom later in die verhaal daaraan ophang. Die Suid-Sotho-skrywer, THOMAS MOFOLO, beskryf 'n wêreld van misterie in sy werk *Chaka*, en maak sodoende die saakverloop vir die leser aanneemlik en aanvaarbaar. Die verwysings waardeur MOFOLO hierdie sg. wêreld tot stand bring, ressorteer binne die studiegebied van die feiteleer. Dieselfde kan ook o.a. van die aanhef van sprokies, fabels, legendes, grappe en anekdotes gesê word.

Hierdie wêreld van die verhaal kan ook d.m.v. linguistiese hoedanighede opgeroep word. Die Afrikaans van PETER BLUM se kleurlingsonnette en die verheffing van die „argot” tot die literêre taal in CELINE se werke, asook die oormekaarvloeï van sinsgrense in die sg. „stream of consciousness” (9) in die werke van JOYCE, FAULKNER, KEROUAC, e.a., word daarom binne die navorsingssterrein van die taalelementeeler ingesny.

In die tematiese ondersoek word die uiteensetting gegee hoedat die spanning in die literêre werk bewerkstellig word en deurentyd behou word. In die geval van die motieweleer word die gegewens waarmee die spanning opgebou word, verdeel in dié wat *onmiddellik* en dié wat *toevallig* van aard is. Die uitbou van 'n karakter se persoonlikheid, die versteuring van die chronologiese tydverband tussen die gebeure in die vertelling, soos in bv. WILLIAM FAULKNER se *The Sound and the*

Fury, ens., m.a.w. die organisering van die talle insidente en feitlike gegewens waaruit die saakverband saamgestel is, word onder e.g. gereken omdat die besonderhede wat so verstrekkend word, direk op die tema of die onmiddellike uitbreiding van die tema betrekking het.¹ Die toevallige gegewens, daarenteen, kan onafhanklik van die saakverband bestaan waaroor die skrywer berig, soos bv. die byhaal van drome, verhale of fabels in die mededeling. In die geval van DOSTOJEFSKI se *Gebroeders Karamasov* word die onbesonne optrede van die broer Dmitri aan die einde van die hofsak, gemotiveer deur die sonderlinge droom wat hy gehad het. Die droom was so wonderlik dat hy geen oomblik aarsel nie en die dokument onderteken wat aan hom voorgelê word en hy sodoende sy gevangenskap in Sibirië daarmee beklank. REYMONT weer, het in sy roman, *Die Boere*, die lewensloop van elkeen van die drie hoofkarakters as't ware vooruit aangestip deur drie fabels te verhaal wat implisiet op die lewensgang van elkeen betrekking gehad het. Op dieselfde manier het GRAHAM GREENE 'n verrassende dog uiters effektiewe slot vir sy *The Power and the Glory* uitgewerk. Die vermelding van 'n moeder en haar kindertjies aan wie sy 'n storie van 'n priester vertel, hou aanvanklik geen verband met die inhoud of saakverloop in hierdie literêre werk nie. Sy vertel hoe die priester vervolg, gevang, verhoor en verbrand word maar daarna weer opstaan en lewend verskyn. Algaande groei daar egter in hierdie werk 'n groter en groter ooreenkomst tussen die inhoud van die vertelling en die storiétjie van die moeder. Die parallel daartussen word tot op die laaste moment volgehou en in die slotsin slegs by wyse van implikasie volvoer.

In die stylleer word die taalgebruik van die skrywer (resp. die verteller) ondersoek. Hierdie bespreking bestaan daaruit dat die aanwending van bepaalde grammatiese kategorieë en linguistiese eenhede uitgewys word wat a.g.v. die herhaling en/of die naasmekaarstelling daarvan, die aktivering van sekere betekenisnuances met 'n tematiese strekking in die hand werk. In die stories van DAMON RUNYON bestaan daar grammaties gesproke, bv. geen verlede tyd nie terwyl W. C. TUTTLE se „cowboy”-verhale deur 'n saaklikheid gekenmerk word wat die leser

1. Vgl. die „sujet” waarvan TOMACHEVSKI (16, p. 269) praat.

se aandag deurentyd dringend opeis. MAMOGOBO se *Kgamphuphu* is 'n stilistiese meesterstuk en die verheue en gedrae styl word bepaal deur die groot aantal voorbeelde van woordgroepe wat newegeskik teenoor mekaar geplaas is. Hierdie dissipline sluit egter ook die studie in van die taal wat in die Bantoepryslied gebesig word, nl. van die aanwending van die sg. saamgestelde woorde, die aanspreekvorm en die herhaalde gebruik van die eerste persoon enkelvoudsvorm.

Na hierdie uiteensetting kan die taak van die studie van die letterkunde in Noord-Sotho en Zoeloe nader omskryf word. Dit is nl. drieledig van aard: eers- tens word verwag dat die verskillende vertellings na hulle literêre en metriese hoedanighede ondersoek word sonder dat dit met 'n kwalitatiewe uitspraak gepaard gaan.

Tweedens word hierdie navorsings- gegewens by die opstel van 'n literatuur- geskiedenis gebruik. Die doel daarvan is om die groei van die besondere letterkunde of van die letterkunde in die algemeen weer te gee. Hierdie taak moet as die kroon op alle literêre bedrywighede beskou word. In dié geval word diachronies vergelykend te werk gegaan. Twee sin- chroniese gegewens word teen mekaar opgeweeg en die algemene ooreenkomste uitgewys. Daardeur word die ontwikkeling van die literatuurskat weerspieël. Die studie is origins deskriptief van aard en literêr-teoreties verantwoord.

Derdens vorm die resultate van beide die sinchroniese en die diachroniese ondersoekte waarvan so pas melding ge- maak is, die grondslag vir die kultuur- studie. Daardeur word getrag om die onderlinge verbondenheid van die letter- kunde en die ander 'kultuurfasette' aan te dui, d.w.s. hoedat letterkunde en poli- tiek, of letterkunde en maatskappy, of in 'n breër verband gesien, hoedat die letter- kunde en die hele kultuurgesteldheid by- mekaar aansluit. Die gevolgtrekkings wat die sinchroniese en diachroniese litera- tuurstudie d.m.v. vergelyking blootgelê het, word nou in terme van buite-literêre gegewens en omstandighede geïnterpre- teer en verklaar. Gevolglik word onder- linge beïnvloeding t.o.v. sowel skrywers as letterkundes aangedui, terwyl duidelik onderskei kan word wat die verskil tussen literêre invloede enersyds en toevallige

ooreenkomste tussen literêre werke ander- syds is.

Met hierdie laaste opdrag word die letterkunde as deel van die Noord-Sotho- en Zoeloe-kultuurbesit beskou. Dié studie het dus geen aanspraak op literêr-teore- tiese status nie. Tog word dit aan die lita- rator toegesê omdat die literatuurweten- skap 'n hulpwetenskap by 'n sodanige ondersoek is. In die Bantoe-tale, en veral waar dit die tradisionele letterkunde raak, werk dit soos aanstons sal blyk, ook be- vrugterend op die literatuurstudie in.

Die literatuurstudie in die Bantoe-tale word egter deur algemene, besondere en praktiese probleme gekortwiek. E.g. sluit probleme in van 'n algemene literêre aard. Duidelikheid oor metodologiese vraagstuk- ke, die objek van beskouing, die omvang van die navorsingsgebied en die dissiplines waarbinne hierdie ondersoek uitgevoer kan word, skemer pas eers deur. Boonop heers daar nog 'n groot verwarring oor die posisie van die kultuurstudie, die este- tiek, die literêre kritiek en die versleer m.b.t. die literatuurstudie. Dit sal nog 'n geruime tyd duur voordat eenstemmigheid oor hierdie vraagstukke bereik is.

Tweedens is daar die besondere proble- me wat uitsluitlik tot die letterkunde in die Bantoe-tale beperk is waar die literêre werke enersyds in die volksmond leef en andersyds in 'n geskrewe vorm bestaan. Lg. wat ook as die moderne letterkunde bekend staan, is 'n samevoeging van lita- rêre werke wat op skrif gestel is. Die oorlewerings wat in die volksmond leef, kan egter nie vergelyk word met die ge- sproke woordkuns in die Europese tale wat uit grappe, staaltjies, allerhande kostelik- hede, los vertellings, ens. opgebou is nie. Omstandighede noodsaak die navorser dus om tussen 'n ongeskrewe en 'n gesproke woordkuns te onderskei. Hoewel beide mondelings oorgelewer word, verskil hulle in dié opsig van mekaar dat lg. slegs naas die geskrewe letterkunde bestaansreg ge- niet. Beide is literêr pretensieloos en word daarom selde indien ooit as deel van die letterkunde oorweeg. Vroeër toe die Ban- toe nog oor geen lees- en skryfkennis be- skik het nie en sy literatuurskat dus slegs uit oorlewerings bestaan het, is die ge- sproke woordkuns by die ongeskrewe letterkunde ingelyf. Gewoonlik word daar- na as die tradisionele letterkunde verwys.

Die tradisionele en moderne letterkunde

in die Bantoetale verskil radikaal van mekaar. Hierdie onderskeid is hoofsaaklik te wyte aan die Europese georiënteerde opvoeding en onderwys asook die ontwikkeling van 'n skryftaal waardeur die literêre werk i.s. van 'n mondelinge mededeling, nou in boekvorm beskikbaar gestel word. Gevolglik is die moderne letterkunde eng verwant aan die Europese letterkundes. Die tradisionele letterkunde is in die alledaagse lewe gewortel en elke ritueel en seremonie vorm deel daarvan. Dit is vir die kultuurstudie derhalwe 'n vrugbare ontginningsbron. Dit is trouens langs dié weg dat die praktyk reeds bewys het dat selfs die literatuurnavorsing aangevul kan word. So het die ondersoekers wat slegs met die Europese toneelkuns vertrou was, aanvanklik aangeneem dat geen drama in die tradisionele literatuurskat bestaan het nie, omdat hulle geen toneelwerke kon vind soos dié waarmee hulle bekend was nie. DHLOMO (6) het later egter verduidelik dat die tradisionele drama veel nader aan die ou Griekse tragedies gestaan het en dat dit in die Bantoetale nie raakgesien is nie omdat dit in die alledaagse sleur opgeneem is. Elke ritueel in die stamlewe was daarom 'n toneelstuk waarin feitlik die hele stam opgetree het.

Die ondersoeker het laastens met praktiese probleme te kampe gekry. Dit hang saam met die ongeletterdheid van die Bantoe en die belangstelling wat die blanke destyds in die taalstudie alleen getoon het. Die navorsing op literêre gebied is erg daardeur gestrem en by noukeurige beskouing blyk dit dat opvallend min tot dusver oor die letterkunde in Noord-Sotho en Zoeloe gedoen is. Enkele artikels oor die tradisionele letterkunde het wel verskyn, dog dit het 'n algemene strekking terwyl daar van 'n omvattende en intensiewe studie geen sprake is nie. So is die styl bv. as 'onpersoonlik' getipeer. Maar die prosedure wat die skrywer volg om dit te bewerkstellig, word nie uiteengesit nie. Dit geld nie net die bespreking van die verskillende literêre hoedanighede van die werke nie, maar ook die verstegniëse versorging daarvan.

Die probleme wat by die indeling van genres opduik, is nie aangeroer nie. LESTRADE (12, p. 292) het wel in 'n enkele paragraaf vlugtig 'n skema vir so 'n indeling geskets. Dit kan egter nie as voldoende aanvaar word nie en kom o.a. daarop neer dat die hoofindeling op die onderskeid tussen vers- en prosavorm berus.

Dié toedrag van sake moet hoofsaaklik daaraan toegeskryf word dat eerstens die tradisionele letterkunde nog nie behoorlik opgeteken is nie en tweedens van die literatuurstudie in die Bantoetale nog nie veel tereg gekom het nie. Laasgenoemde rede som ook die posisie t.o.v. die geskrewe letterkunde mooi op. Dit blyk die duidelikste in die kritiese besprekings van die werke. Die kritiek bestaan nl. uit nie veel meer as blote aankondigings dat nuwe publikasies verskyn het nie. Kritiek wat wel uitgespreek word, raak gewoonlik afwykings t.o.v. die jongste besluite aangaande die ortografie of andersins word die gebruik van sekere woorde as onsuiver uitgewys omdat dit dialekties is. Dit is egter die groeipyne van 'n jong geskrewe letterkunde. Daar bestaan 'n nypende tekort aan leesstof en die aanvraag groei steeds. Die kritiek het sodoende sy funksie verloor. Enigiets, hoe swak ookal, is vir die leser welkom solank dit in sy eie taal geskryf is. 'n Gesonder beoefening van die literêre kritiek sal in die Bantoetale uitbly solank as wat in die behoefte aan leesstof nie volkome voorsien is nie.

Hierdie departement sal sy navorsing toespits op 'n poging om die geskiedenis van die Noord-Sotho- en Zoeloeletterkundes te beskryf. Vanselfsprekend kan hierdie uiteindelijke doel nie binne afsienbare tyd 'n werklikheid word nie. In die proses sal die werksaamhede van die kultuurstudie nie uit die oog verloor word nie — veral omdat die literêre ondersoek in die geval van die tradisionele letterkunde heelwat daardeur vergemaklik kan word.

Meneer die Rektor,
Meneer die Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, dames en here,
ek het gesê.

LITERATUURLYS.

1. BREED, J.: 'n Oorsig oor die moderne Noord-Sotho-letterkunde tot 1954, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P., 1956.
2. BROOKS, C. en W. K. WIMSATT: *Literary Criticism. A Short History*, Londen, 1962.
3. COMBRINCK, A. P.: *Die Aard en Ontwikkeling van die Noord-Sotho poësie, Onderwysblad vir Christelike en Nasionale Onderwys en Opvoeding*, no. 783, deel LXXI, Januarie 1965, pp. 446-448.

4. DOKE, C. M.: *Early Bantu Literature — The Age of Brusciotto, Contributions to the History of Bantu Linguistics*, Johannesburg, 1961, pp. 8-26.
5. DOKE, C. M.: *Bantu Language Pioneers of the Nineteenth Century, Contributions to the History of Bantu Linguistics*, pp. 27-53.
6. DHLOMO, H. I. E.: *Nature and Variety of Tribal Drama, Bantoe-Studies*, vol. 13, 1939, pp. 33-48.
7. ERLICH, V.: *Russian Formalism. History — Doctrine*, 's-Gravenhage, 1955.
8. GROENEWALD, P. S.: *Die Struktuur van die Versisteem in die ongeskrewe Woordkuns en in die geskrewe Letterkunde van Noord-Sotho*, Ongepubliseerde proefskrif, U.P., 1966.
9. HUMPHREY, R.: *Stream of Consciousness in the Modern Novel*, Berkeley, Los Angeles, 1959.
10. INGARDEN, R.: *Poetics and Linguistics, Poetics*, 's-Gravenhage, 1961, pp. 3-11.
11. LESTRADE, G. P.: *Iets omtrent die Volksoorleweringe van die Suid-Afrikaanse Bantoe, Die Nuwe Brandwag — Tydskrif vir Kuns en Lettere*, deel II, no. 2, Pretoria, 1930.
12. LESTRADE, G. P.: *Traditional Literature, The Bantu-speaking Tribes of South Africa*, red. I. SCHAPFRA, Kaapstad, 1946, pp. 291-306.
13. QUENEAU, R. (red.): *Histoire des Littératures*, deel III, Parys, 1958.
14. STUTTERHEIM, C. F. P.: *Poetry and Verse: their Interrelations and Transitional Forms*, Poetics, pp. 225-237.
15. TIEGHEM, P. VAN: *La Littérature Comparée*, Parys, 1946.
16. TOMACHEVSKI, B.: *Thématique, Théorie de la Littérature*, ed. T. TODOROV, Parys vi, 1965, pp. 263-307.
17. VILAKAZI, B. W.: *The Conception and Development of Poetry in Zulu, Bantoe-Studies*, deel XII, no. 2, Johannesburg, 1938, pp. 105-134.
18. WYK, E. B. VAN: *Die Bantoeaalkunde as Beskrywende Taalwetenskap*, Professorale intrede, Pretoria, 1962.

The Study of the Bantu Literature.

Literature encloses an area not exclusively reserved for the science of literature, as the material, included in that field, may also be used for the purpose of aesthetics, cultural anthropology, history, etc. Moreover, the study of literature has been clouded by the absence of scientific methods, and it has not yet been determined within which disciplinary boundaries it has to be approached. What is in most cases generally accepted as the study of literature, is actually a mixture of the study of literature, metrics and aesthetics. Here the student has to decide what is to be included and what has to be excluded in his description of works of literary art.

Metrics has to be looked upon as an autonomous science in which the formal (resp. phonological) characteristics of the spoken word are regulated into patterns which determine the metric form. The theory of literature, on the other hand is concerned with the organisation of semantic attributes. Both of them depend, greatly, on the results of linguistics: phonology and semantics respectively.

The nature or existence of the literary work of art depends on the use of language through which certain data or facts are presented in the story. In the story a theme is expounded and developed by

which the unity of the work of art is assured. In all circumstances in which communication is to be established by the use of language, the associated factors will promote the understanding between speaker and listener. In the case of the literary work of art this extra-linguistic information is eliminated. But to promote communication in these circumstances, these extra-linguistic data have to be replaced by information inherent in the meaning of linguistic units. This "linguistic information", in its turn, has to be incorporated in the story. Hence the disciplinary methods employed in dealing with the description of the literary work of art are the study of the facts; the study of the motives; the study of the linguistic elements and the study of style.

The study of the facts and the linguistic elements are morphological studies in so far as they will assist in the reconstruction of a so called "linguistic world" to replace the extra-linguistic circumstances by which communication is usually promoted. In the first place, we are interested in the description of the environment and surroundings, the characters, etc. in which the theme and action are to be embedded. In the second place we are interested in information concerning the above called "world" put forward by the use of language, for example, the Afrikaans used in the Cape sonnets of Peter Blum, the so

called "stream of consciousness" in the works of Faulkner, Joyce, etc.

The study of the motives and the style is concerned with suspense, particularly the way in which it is developed and sustained through the whole story. In the first place, we are interested in the organisation of facts and information (resp. motives). In the second place, we are concerned with the use of language in so far as it stimulates the interest of the reader.

The study of the literature in the Bantu languages is still in its infancy and has to be promoted on a synchronical as well as a diachronical basis by which the development of those literatures will be exposed. By way of interpreting the results of the literary description in terms of the surrounding or actual world, literary influences can be determined. In this case the study will be performed on cultural and historical grounds and does not actually belong to the theory of literature.

PUBLIKASIES IN DIE REEKS VAN DIE UNIVERSITEIT.

1. „Gids by die voorbereiding van wetenskaplike geskrifte” — Dr. P. C. Coetzee.
2. „Die Aard en Wese van Sielkundige Pedagogiek” — Prof. B. F. Nel.
3. „Die Toenemende belangrikheid van Afrika” — Adv. E. H. Louw.
4. „Op die Drumpel van die Atoomeeu” — Prof. J. H. v.d. Merwe.
5. “Livestock Philosophy” — Prof. J. C. Bonsma.
6. “The Interaction between Environment and Heredity” — Prof. J. C. Bonsma.
7. „Verrigtinge van die eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging — Julie 1958”.
8. „Aspekte van die Prysbeheersingspolitiek in Suid-Afrika na 1948” — Prof. H. J. J. Reynders.
9. „Suiwelberediging as Studieveld” — Prof. S. H. Lombard.
10. „Die Toepassing van fisiologie by die bestryding van Insekte” — Prof. J. J. Mathee.
11. “The Problem of Methaemoglobinaemia in man with special reference to poisoning with nitrates and nitrites in infants and children” — Prof. D. G. Steyn.
12. “The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex.” Part 1. — Dr. C. J. Liebenberg.
13. “The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex. Part II. The Different Rock Types” — Dr. C. J. Liebenberg.
14. “Protective action of Fluorine on Teeth.” — Prof. D. G. Steyn.
15. “A Comparison between the Petrography of South African and some other Palaeozoic Coals.” — Dr. C. P. Snyman.
16. „Kleinveekunde as vakrigting aan die Universiteit van Pretoria” — Prof. D. M. Joubert
17. „Die Bestryding van Plantsiektes.” — Prof. P. M. le Roux.
18. „Kernenergie in Suid-Afrika.” — Prof. A. J. A. Roux.
19. „Die soek na Kriteria.” — Prof. A. P. Grové.
20. „Die Bantoetaalkunde as beskrywende Taalwetenskap.” — Prof. E. B. van Wyk.
21. „Die Statistiese prosedure: teorie en praktyk.” — Prof. D. J. Stoker.
22. „Die ontstaan, ontwikkeling en wese van Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie” — Prof. P. C. Snijsman.
23. “Freedom — What for.” — K. A. Schrecker.
24. “Once more — Fluoridation” — Prof. D. G. Steyn.
25. „Die Ken- en Werkwêreld van die Biblioteekkunde” — Prof. P. C. Coetzee.
26. „Instrumente en Kriteria van die Ekonomiese Politiek n.a.v. Enkele Ondervindinge van die Europese Ekonomiese Gemeenskap.” — Prof. J. A. Lombard.
27. “The Trace Elements of the Rocks of the Alkali Complex at Spitskop, Sekukuniland, Eastern Transvaal.” — Dr. C. J. Liebenberg.
28. „Die Inligtingsprobleem.” — Prof. C. M. Kruger.
29. “Second Memorandum on the Artificial Fluoridation of Drinking Water Supplies” — Prof. D. G. Steyn.
30. „Konstituering in Teoreties-Didaktiese Perspektief” — Prof. F. van der Stoep.
31. „Die Akteur en sy Rol in sy Gemeenskap”. — Prof. Anna S. Pohl.
32. “The Urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal” — Dr. D. Page.
33. „Die Ontwikkeling van Publieke Administrasie as Studievak en as Professeie.” — Prof. J. J. N. Cloete.
34. „Duitse Letterkunde as Studievak aan die Universiteit.” — Prof. J. A. E. Leue.
35. „Analitiese Chemie” — Prof. C. J. Liebenberg.
36. „Die Aktualiteitsbeginsel in die Geologiese navorsing” — Prof. D. J. L. Visser.
37. „Moses by die Brandende Braambos” — Prof. A. H. van Zyl.
38. “A Qualitative Study of the Nodulating Ability of Legume Species: List 1” — Prof. N. Grobbelaar, M. C. van Beyma en C. M. Todd.
39. „Die Messias in die Saligsprekinge” — Prof. S. P. J. J. van Rensburg.
40. Samevattinge van Proefskrifte en Verhandeling 1963/1964.
41. „Universiteit en Musiek” — Prof. J. P. Malan.